9-13 jaar



My kreatiewe

# BYBEL JOERNAAL

Markus 6-9

# *My kreatiewe*
# BYBEL JOERNAAL

& Gees
Heuningsoet Woord
Psalm 19:10&11

‘n Self-doen Bybelstudie vir kinders 9 tot 13 jaar.
Geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Gedurende hierdie Bybelstudie Joernaal gaan jy aan verskillende kosbare Bybelstudietegnieke blootgestel word wat tot gevolg gaan hê dat jy die Woord van God beter gaan leer ken.
Tesame hiermee, sal jou geloof in God groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks puntsgewys deur die temas te beweeg, gaan jy oor verloop van tyd:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- ontdek wat sommige moeilike woorde in die Bybel beteken en leer om hulle te ontrafel
- leer om vanuit die Woord te bid
- meermale jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- verskillende Bybelstudiemetodes gebruik om dieper in die Woord te delf en lewend te maak vir jouself
- leer om die kern/ hart/ tema van ‘n teks te identifiseer
- met groter aandag en intensie Bybelverse bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- leer om kern verse (waarhede) op ‘n kreatiewe manier uit te beeld om die memorisering van die Woord in jou hart en gedagtes vas te lê
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer en ....
- ‘n lewenslange fondasie vorm waarop jy die Bybel prakties deel maak van jou lewe om ‘n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie studie tot seën wees vir jou!

# Wat is in hierdie *Bybelstudie?*

**Dag 1:** Jesus word verwerp

**Dag 2:** Jesus stuur die twaalf uit

**Dag 3:** Die dood van Johannes

**Dag 4:** Die apostels kom terug

**Dag 5:** Jesus vermeerder brood (1)

**Dag 6:** Jesus loop op water

**Dag 7:** Jesus genees mense

**Dag 8:** Mense se gewoontes

**Dag 9:** Dit wat mens onrein maak

**Dag 10:** Die Siro-Fenisiese vrou

**Dag 11:** Jesus genees 'n doofstom man

**Dag 12:** Jesus vermeerder brood (2)

**Dag 13:** Jesus en die Farisieërs

**Dag 14:** Jesus genees 'n blinde man

**Dag 15:** Jesus maak aankondigings

**Dag 16:** Jesus word verheerlik

**Dag 17:** Jesus se dood is naby

**Dag 18:** Jesus maak 'n seun gesond

**Dag 19:** Wie is die belangrikste?

**Dag 20:** Jesus leer die mense waarhede

DAG 1: # Jesus word verwerp

Wanneer ons tyd met God se Woord spandeer, kies ons om te STOP met alles anders waarmee ons besig is. Dis hoe ons verhouding bou - om tyd te spandeer met iemand. Gaan daarom na 'n stil plekkie in die huis. Lê of sit gemaklik.
Daarsy, nou is jy gereed om te begin!

Wat is die dorp se naam waarin of waarnaby jy bly?





1. Omdat jy God se kind is, bly Heilige Gees binne-in jou hart. Vra vir Hom om jou nou te lei terwyl jy met die Bybelstukkie besig gaan wees. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy Sy lig van waarheid in jou hart kan skyn soos jy in Sy Woord lees.

2. Soek en lees **Markus 6:1-6** rustig en hardop deur.

3. Skryf 'n paar woorde neer wat vir jou uitstaan vanuit die teksgedeelte.


4. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jou opval nadat jy die skrifgedeelte gelees het? (Jy hoef nie 'n antwoord te hê nie). 😊

5. In **vers 2** lees ons dat die mense verstom was oor die wondelike **gawe van wysheid** wat hulle in Jesus gesien het. Weet jy wat **wysheid** beteken?

**Woordstudie**

**Betekenis**

WYSHEID



6. Om te ***profeteer*** beteken om deur die leiding van Heilige Gees iets te vertel wat God gaan laat gebeur in die toekoms. Baie jare voordat Jesus gebore is, het Jesaja ('n profeet van God), vertel dat Jesus eendag sou kom om God se kinders te bevry. Lees **Jesaja 11:2** en skryf al die Gees se kenmerke of eienskappe neer, wat Jesaja vooruit vertel het Jesus eendag sal besit.



Die Gees wat ______________ en ___________________ gee.

Die Gees wat ______________ en ___________________ gee.

Die Gees wat ______________ en ___________________ gee.

7. Lees weer **vers 3**. Die mense van die dorpie waar Jesus grootgeword het, was deurmekaar. Hulle het Jesus se boeties en sussies van kleins af geken asook Sy pa en ma. Jesus self het voor hulle grootgeword. Nou sien en hoor hulle hoe Jesus die mense leer en gesondmaak. Hoe kan dit dieselfde Jesus wees wat hulle as kind sien speel het? Wat dink jy het intussen verander?


______________________________________________________________

8. Die rede hoekom Jesus nie baie wonderwerke in sy grootworddorp kon doen nie, lees ons in **vers 6** raak. Jesus was baie verbaas hieroor. Kyk of jy kan raaksien wat een oorsaak kan wees dat **God se krag** deur mense beperk kan word. As gevolg van die mense se ____________________

9. Is daar *iets nuuts* wat jy vandag geleer het? Skryf dit neer op die lyn.

______________________________________________________________

______________________________________________________________



| | | | |
|---|---|---|---|
| Bybelboek ontdekking | Levitikus | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

10. Sluit af deur vir God te vra om jou 'n **rotsvaste geloof** in Hom te gee sodat Hy wonderwerkte in en deur jou lewe kan doen.

Jy kan self ook jou geloof versterk! Lees **Romeine 10:17** (deur gereeld God se Woord te **hoor**).

DAG 2: **Jesus stuur die twaalf uit**

Om 'n verhouding met Jesus te bou is 'n keuse. Wanneer jy gereeld stilword in God se teenwoordigheid maak dit jou rustig. Gaan daarom na 'n stil plek in die huis. Sit gemaklik. Verbeel jou dat jy en jou beste maat voor Jesus staan en deur Hom 'n opdrag kry om saam uit te voer.



Wie is jou beste maat?

1.Vra vir Heilige Gees om jou te lei terwyl jy met die Bybelstukkie gaan besig wees. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy Sy lig van openbaring (verduideliking) in jou hart kan skyn soos jy met die Woord werk.

2. Lees **Markus 6:7-16** rustig en aandagtig deur. Lees dit dalk hardop vir iemand in die huis wat bereid is om te luister.

3. Skryf 'n paar woorde neer vanuit die skrifgedeelte, wat vir jou uitstaan.

4. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie? Skryf jou vraag hier onder neer.

5. Ons lees in **vers 7** dat Jesus die dissipels as maats (twee-twee) uitgestuur het. Wat het Jesus vir hulle *gegee* met hulle vertrek? **(vers 7)**



6. Net voor Jesus teruggegaan het Hemel toe, het Hy Sy dissipels weer dieselfde opdrag gegee.

**Onthou: as jy Jesus volg en in Hom glo, is jy ook Sy dissipel.**

Spring nou vorentoe in die boek van Markus en lees **Maruks 16:15-17**.

Beskryf 'n paar wondertekens wat God deur jou sal doen as jy glo in Hom:


______________________________________________________________

______________________________________________________________

Wat beteken dit vir jou?____________________________________________

7. Teken hoe jy en jou maat verkondig dat mense hulle moet **bekeer.**

**(vers12)** Skryf in jou eie woorde wat **bekeer** beteken.




8. Glo jy dat Jesus deur jou ook kan doen wat Sy dissipels gedoen het in **vers 13**? Vertel hoekom of hoekom nie.

______________________________________________________________

______________________________________________________________



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **1 Petrus** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

9. Sluit af deur vir God dankie te sê dat jy Sy kind kan wees. Vra Hom om ook wonderwerke deur jou te doen, sodat Sy Naam daardeur verheerlik en verkondig kan word.

DAG 3:

# Die dood van Johannes

Tik die blokkies af: ❑ Ek sit gemaklik
❑ Dit is stil rondom my

Stel jou in op Heilige Gees se teenwoordigheid soos jy nou die storie van Johannes die Doper gaan lees. Probeer om te fokus op elke vers terwyl jy dit lees. Dink oor die sinne. Bou vir jouself 'n prentjie in jou verbeelding van die gebeurtenisse soos dit afspeel in koning Herodes se paleis.

As 'n koning jou vra wat jy wil hê en dat hy dit vir jou sal gee, wat sal dit wees?

1.Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy Bybelstudie doen. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy jou kan leer en nuwe waarhede kan uitwys.

2. Lees **Markus 6:17-29** in jou Bybel. Lees die twaalf verse rustig deur. Stop elke keer wanneer 'n sin vir jou uitstaan of met jou hart praat. Skryf dit hieronder neer.



3. Omkring woorde in die sinne wat jou oog vang. Skryf sinonieme in 'n ander kleur bo/onder die omkringde woorde om die betekenis daarvan vir jou duideliker te maak.

4. Johannes was met die Heilige Gees vervul vandat hy gebore was. Lees **Lukas 1:14-17.** Net 'n paar verse later vertel Gabriël, die Engel, vir Maria



dieselfde oor Jesus (**Lukas 1:35**). Die kragtige werking van Heilige Gees binne God se kinders, gee hulle **vrymoedigheid** om van God se liefde en goedheid te getuig/vertel.

Nêrens in die Woord lees ons dat koning Herodes 'n kind van God was nie. **Vers 20** van ons teksgedeelte vertel dat hy bang was vir Johannes. Hoekom dink jy was dit so? 'n Koning bang?!

____________________________________________________________

> Heilige Gees is 'n geskenk van God aan jou die oomblik wanneer jy jou hart vir Jesus gee en God se kind word.
>
> Hy kom bly in jou en leer en lei jou volgens God se wil.

5. Lees **Handelinge 1:8** en skryf in jou eie woorde wat Heilige Gees nog vir jou gee.

____________________________________________________________


6. Hoe laat dit jou voel om te weet dat God jou toerus om vir ander mense van Hom te vertel/getuig?

____________________________________________________________

7. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie?

____________________________________________________________

____________________________________________________________



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **Hosea** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

8. Skryf 'n kort gebed vir God om Hom te vertel hoe die Skrif met jou hart praat. Dalk wil jy vir Hom vra om jou opnuut met Sy Gees te vul, sodat Sy krag in jou kan werk soos in Jesus en Johannes se lewens.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

DAG 4: # Die apostels kom terug

Tik die blokkies af: ❑ Ek sit/lê gemaklik êrens buite, in die tuin/op die stoep.
❑ Dit is stil rondom my.

Maak jou oë toe en verbeel jou jy is een van Jesus se dissipels en dat jy saam met Hom op 'n bootjie op die water vaar. Julle gesels lekker met mekaar.
Net om naby aan Jesus te wees, laat jou rustig voel...

Waar is jou gunsteling stil plek om te wees as jy bietjie wil wegkom van almal en alles om te rus?



1. Draai na Heilige Gees in 'n kort gebed en nooi Hom uit om saam met jou deur die vier teksverse van vandag te lees.

2. Lees **Markus 6:30-34** rustig en nadenkend deur (hardop as jy kan, vir jouself of iemand anders in die huis).



3. Skryf 'n paar woorde in die blokkies wat jou aandag trek vanuit die teksgedeelte.

4. Jesus het sy 12 dissipels geroep om Hom te volg. Nadat hulle vir 'n ruk saam met Hom geloop en Hom beter leer ken het, het Hy hulle uit- of weggestuur. Jesus het geweet Sy dissipels het genoeg by Hom gesien en gehoor, om ook op dieselfde wyse ander mense se lewens aan te raak. Jesus rus hulle toe met **krag van die Heilige Gees**, om Hom te verteenwoordig waar Hy nie oral kan wees nie (**Apostel** beteken "**gestuurde**" of "**een wat gestuur is**").

5. Sou jy graag eendag beroemd wil wees? Waarvoor?

______________________________________________

6. Lees weer **vers 33**. Dink jy Jesus was beroemd? Waarvoor?

______________________________________________

7. Baie mense het vir Jesus gewag toe Hy aan land kom. Jesus het opgekyk na die mense en gesien hoe baie mense daar vir Hom staan en wag. Tog het Jesus nie net die hoeveelheid mense raakgesien nie, Hy het dieper gekyk en hulle harte raakgesien. Wat het Jesus in hulle harte raakgesien (**vers 34**)?


______________________________________________

8. Jesus het gesien dat die mense leiding nodig het om reg te lewe voor God, daarom het Hy dadelik vir die mense begin leer van God se Koninkryk.

9. Kom ons vergelyk **vers 34** vanuit *The Passion Translation* met jou Afrikaanse weergawe.

**Mark 6:34** TPT

By the time Jesus came ashore, a massive crowd was waiting. At the sight of them, his heart was filled with **compassion**, because they seemed like wandering sheep who had no shepherd. So he taught them many *wonderful* things.





Jesus het **innige meegevoel** ("***compassion***") gehad met die mense. "***Compassion***" beteken om 'n sterk gevoel van simpatie of meegevoel te ervaar of om iemand anders se hartstoestand te "voel". Dit beteken dat jy so baie vir iemand omgee en liefhet dat jy saam met daardie persoon sy hartseer en geluk kan voel in jou eie hart.

10. Hoe laat dit jou voel om te weet Jesus het jou innig lief en kyk elke dag na jou met meegevoel *("compassion")?*

______________________________________________

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **2 Timoteus** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

11. Sluit af deur **vers 34** te omskep in 'n kort dankgebed tot God.

______________________________________________

______________________________________________

# DAG 5: Jesus vermeerder brood (1)

Om deur Heilige Gees gelei te word, beteken dat jy nie altyd net kan maak soos jy lus kry nie. Partykeer wil Hy ons iets nuuts leer of wys, maar dit beteken ons moet **sensitief wees vir Sy stem en leiding in ons**. Om elke dag uit jou Bybel Joernaal te werk kan vir jou baie beteken, maar moenie dit as 'n WET sien nie. Wanneer jy 'n dag voel om liewer 'n ander stukkie uit die Bybel te lees of geestelike musiek vir jou aan te sit, kan Heilige Gees jou ook op so manier bedien en leer. Dalk voel jy gelei om 'n Bybelstorie wat met jou hart praat, te kyk op die televisie. Dan moet jy ook nooit skuldig voel dat jy nie op 'n sekere vasgestelde manier tyd saam met God spandeer het nie. God wil hê dat ons die tyd wat ons vir Hom eenkant sit, geniet en Sy teenwoordigheid daarbinne soek.

1. Vra vir Heilige Gees om jou sensitief vir Sy leiding en Stem te maak soos wat jy rustig word met die Woord. Maak jou hart vir Hom oop, sodat Hy Sy lig in jou hart kan skyn wanneer jy deur elke vers lees.

2. Lees die mooi storie in **Markus 6:35-44** rustig deur. Dink oor elke vers soos jy dit lees. Stop vir 'n klein rukkie as jy voel jy wil langer dink oor iets wat met jou hart praat of waaroor jy wonder.

3. Skryf nou neer as daar iets is waaroor jy 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan uit die teksgedeelte nie? (al het jy nie 'n antwoord nie)

4. Skryf 'n paar sleutelwoorde neer wat vir jou uitstaan.

5. Som die storie kortliks op in jou eie woorde in 'n paar sinne.

6. Plaas jouself in die dissipels se skoene. Hulle het besef dat dit laat geword het en agtergekom dat die mense honger kon wees. Hulle was baie ver van winkels in 'n afgeleë gebied. Nou draai hulle na Jesus met 'n versoek. Jesus gee 'n vreemde antwoord vir hulle… nie regtig die antwoord wat hulle gesoek het nie. Wat antwoord Jesus Sy dissipels? (**vers 38**)

Partykeer soek ons ver vir antwoorde, of ons het 'n vooropgestelde idee van hoe God ons moet help. Dis asof ons vir Hom ons probleem vertel en vir Hom vra om die uitkoms op 'n sekere manier ook te gee. Maar wanneer ons Hom vra vir hulp, moet ons **Hom vertrou** dat Sy manier van hulp, uniek en die beste sal wees. Baie keer plaas God reeds die antwoord in ons harte. Jesus het vir die dissipels gevra **wat hulle hét en met die bietjie wat hulle reeds gehad het, het Hy 'n baie groot wonderwerk gedoen!**



7. Teken enige deel (of vers) van hierdie storie in die raampie.



8. Is daar enige iets nuuts wat jy vandag geleer het uit die verse wat jy nie voorheen geweet het nie?

9. Wat dink jy is die kernboodskap wat jy uit hierdie verse leer?



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **1 Kronieke** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

10. Sluit vandag af deur vir God dankie te sê dat Hy **'n God van wonders** is. Lees **Lukas 1:37** en verklaar dit in 'n mooi skrif en gekleurde letters op die lyn.

**DAG 6:** # Jesus loop op water

Tik die blokkies af: ❑ Ek sit/lê gemaklik
❑ Dit is stil rondom my

Maak jou oë toe. Verbeel jou hoe jy en die ander dissipels van Jesus in 'n bootjie sit wat deur die wind heen en weer rondgewaai word...



Wat maak jou bang?

1. Vra vir Heilige Gees om lig te werp en jou nuwe waarhede uit te wys soos wat jy die verse lees. Stel jou hart vir Hom oop.

2. Lees die mooi storie in **Markus 6:45-52** rustig in jou Bybel deur. Jy kan hardop vir iemand lees in die huis wat gewillig is om te luister, anders (as jy 'n selfoon het), kan jy die storie hardop lees terwyl jy dit opneem en weer terugspeel vir jouself om daarna te luister.

3. Skryf 'n paar woorde neer wat jou oog vang soos jy deur die teks gelees het. Kyk of jy sinonieme vir van die woorde kan neerskryf bo elke woord.

4. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou uitstaan of interessant is.

5. God wil hê dat Sy kinders anders as die wêreld sal leef. Deur Jesus se optrede en gewoontes dop te hou, kan ons baie by Hom leer van die tipe leefwyse wat Vader God van Sy kinders begeer. **Jesus stel altyd vir ons die perfekte voorbeeld.** Watter voorbeeld wat Jesus vir jou demonstreer/wys sien jy raak in **vers 46**.

____________________________________________

6. Is daar enige iets waaroor jy wonder (net soos die dissipels) of nie verstaan nie (**vers 52**)?

____________________________________________

7. Die dissipels het die HELE nag deur gesukkel om te roei in die onstuimige water. Toe dit oggend word, kom Jesus na hulle toe aangeloop bo-op die water… hulle het beslis nie vir Jesus verwag nie en toe vreeslik hard geskree! Kan jy jou die prentjie voorstel? Hoe dink jy sou jy reageer?__________________

In **vers 50** stel Jesus sy dissipels gerus met die mooiste woorde. Versier of kleur die letters in en bêre dit diep in jou hart tot 'n volgende keer wanneer jy dalk skrik of bangerig voel. Kan jy hoor hoe Jesus dit vir jou sê?



Moenie bang wees nie… - Jesus

8. Wat het jy vandag nuut geleer vanuit die sewe verse wat jy gelees het?

____________________________________________


____________________________________________

9. Beskryf hoe jy dink die dissipels gevoel het nadat Jesus by hulle in die boot geklim het en die wind ook daarmeesaam bedaar het? **(vers 51)**

____________________________________________



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **1 Korintiërs** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |




10. Sluit af deur God te prys vir Sy **groot krag** om vandag nog **wonderwerke** te kan doen. Glo jy dit?

DAG 7: # Jesus genees mense

Dit is stil rondom my. Ek sit nou my tyd eenkant en maak my hart oop vir Heilige Gees.
❑ Ek sit of lê gemaklik en word rustig, sodat die teenwoordigheid van God my hart kan aanraak. As jy in die huis sit of in jou kamer, maak die venster oop en kyk bietjie uit. Wat sien en hoor jy alles? Skryf 'n paar dinge hier onder neer...

Ek sien....

Ek hoor....



1. Lees **Markus 6:53-56** rustig deur. Dink aandagtig oor elkeen van die verse soos jy lees. Leef jou in die storie in. Verbeel jou dat jy saam met Jesus deur die landstreek se plase en dorpies stap. Dink daaraan dat Jesus in jou eie dorp of op julle plaas aangeloop kom. Hoe sou jy reageer as hy onverwags klop aan julle voordeur?______________________________

2. Skryf 'n paar woorde in die blokkies wat jou aandag trek vanuit die teksgedeelte.

3. Skryf 'n sin/ne neer wat vir jou uitstaan.

________________________________________________________

________________________________________________________

4. Voltooi die onderstaande sin nadat jy die vier verse gelees het.

Ek wonder ________________________________________________

________________________________________________________

5. Jesus het baie bekend geword in daardie tyd. Dit was as gevolg van al die buitengewone dinge wat Hy gedoen het, omdat Hy met Heilige Gees gevul was.

Lees **Matteus 4:23-25** en noem 'n paar dinge wat Jesus alles gedoen het, soos wat Hy van plek tot plek gestap het.



| |
|---|
| 1. |
| 2. |
| 3. |
| 4. |

6. Lees **vers 56** weer. Mense was so geraak deur die genesende krag wat in Jesus was, dat hulle agtergekom het hulle hoef net aan sy klere te raak om gesond te word. Is dit nie wonderlik nie? 'n Ruk later, na Jesus se kruisiging en hemelvaart, het van Jesus se volgelinge op dieselfde manier mense in Jesus se Naam genees deur die krag van Heilige Gees.

Lees **Handelinge 5:15-16.** Hoe het God deur Petrus mense genees ?

______________________________________________________

Lees **Handelinge 19:11-12.** Hoe het God deur Paulus mense genees ?

______________________________________________________

7. Die geheim van hierdie genesende krag lê opgesluit in Jesus se woorde in **Handelinge 1:5&8.** Jesus, Petrus en Paulus was elkeen met Heilige Gees gedoop, waartydens hulle die vermoë ontvang het om hierdie genesings te doen.

8. Het jy vandag van iets nuut bewus geword/geleer vanuit die verse wat jy gelees het?

______________________________________________________

______________________________________________________

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **Haggai** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

9. Sluit af deur vir 'n rukkie stil te sit, met jou oë toe en te dink aan **Jesus se genesende krag van liefde**, wat alle siek mense gesond kan maak.

Is Hy nie kosbaar nie?


# DAG 8: Mense se gewoontes

Sit lekker gemaklik êrens en stel jou in op Heilige Gees se teenwoordigheid. Onthou dat Hy in jou hart bly en elke dag oral saam met jou beweeg. Jy kan in jou hart en gedagtes met Hom gesels deur die dag. Wanneer jy iets moois sien of net tevrede en gelukkig voel, kan jy vir Hom dit vertel. Wanneer jy bekommerd is oor iets, kan jy ook dit vir Hom sê. Op hierdie manier bou jy 'n kosbare verhouding met Heilige Gees in jou en sal Hy Woorde van Wysheid en rigtingwysing in jou hart fluister.

Noem 'n paar gesins- of familietradisies of gewoontes wat vir jou lekker en kosbaar is?

*

*



1. Vertel vir Heilige Gees dat jy jou hart nou vir Hom oopmaak, sodat Hy die Bybelgedeelte wat jy vandag gaan lees, vir jou kan verduidelik en diep in jou hart kan plant, sodat dit geestelike groei vir jou kan voortbring.

2. Lees **Markus 7:1-13** aandagtig hardop deur. Dink oor elke vers soos jy dit lees. Lees gou eers die blok hieronder sodat jy die teks beter kan verstaan.

**WOORDVERDUIDELIKING:**
Dink elke keer wanneer jy die woorde: "**oorgelewerde gebruike**" lees, dat dit verwys na die leerstellings van mense / mensgemaakte reëls of wette / gewoontes of tradisies wat mense self gemaak het.

3. In hierdie skrifgedeelte wys Jesus iets belangrik uit. Jesus wys dat daar 'n verskil bestaan tussen iemand wat regtig met sy HELE HART **God se Woord** gehoorsaam teenoor iemand wat "maak" asof hy gelowig is voor mense, maar eintlik doen hy nie presies wat die Bybel vir hom leer om te doen nie.

Het jou ouers al ooit vir jou gevra om iets te doen en dan rammel jy die takie sommer gou af net om weer aan te gaan met jou eie dinge? Dalk weet jy dat jy jou bed in die oggend moet opmaak. Nou gebeur dit dat jy sommer



net die kombers rofweg regtrek...die bed moet darem net 'opgemaak lyk' as jou ma verbystap. Intussen weet jy van die laken wat opgefrommel onder die kombers wegkruip. Eintlik het jy nie **met jou hele hart** jou bed opgemaak nie. Nee, jy het dit net gedoen sodat dit 'lyk' asof jy baie gehoorsaam is.

Onthou dat God binne-in ons harte kan sien. Hy sien die **houding ('attitude')** of **intensie** waarmee ons dinge doen. Ons kan nog vir mense ons houding wegsteek, maar God weet alles. Dis die begeerte van Sy hart dat ons alles opreg en met 'n goeie bedoeling tot eer van Hom doen – self al is dit om jou bed met jou hele hart, netjies te begin opmaak!

4. Lees **Kolossense 3:22-23**. Hoe vra God vir ons moet ons alle takies doen?

_______________________________________________

Wanneer jy begin om klein takies deeglik te doen, opreg en met jou hele hart, dan sal hierdie 'n gewoonte word wat 'n kosbare karaktereienskap by jou sal kweek. Onthou, selfs al sien niemand wat jy doen nie, God sien en Hy sal jou beloon!

Kleur die kolom in wat God se hart vir Sy kinders se lewens begeer.

| **Opregte geloof** | **Valse / voorgee geloof** |
|---|---|
| Ek **luister en leef (doen)** alles wat God se Woord my leer. | Ek het my eie manier van doen, niemand kan my vertel wat en hoe om te lewe nie. |
| Ek het **God lief met my hele hart** en wil Hom alleen verheerlik deur dit wat ek sê, dink en doen. | Ek hou van die idee om gelowig te wees, maar wil darem nie my eie gewoontes verander nie. |
| Waarhede van die Bybel is vir my belangriker bo enige ander 'raad van mense'. Dis vir my van grootste belang om gehoorsaam te wees aan **God se Woord**. | Ek wil liewer mense gelukkig hou deur my optredes. Wat sal die mense nou sê as ek lewe soos die Bybel voorstel? |
| Ek het 'n **lewende verhouding** met Heilige Gees binne-in my, wat my lei om volgens die Bybel te leef. | Ek volg 'n "dooie geloof" wat wette gehoorsaam om gelowig te 'lyk' voor ander. |

5. Hoe dink jy kan vandag se teks jou lewe verander? Is daar dalk iets wat jy anders moet begin doen of optree om meer volgens die Woord te lewe?

_______________________________________________



6. Sluit af deur vir God te vra om jou hart *opreg* lief te maak vir Hom.

# DAG 9: Dit wat mens onrein maak

Tik die blokkies af: ❑ Ek kom tot stilstand in alles wat ek doen en sit gemaklik
❑ Dit is stil rondom my en ek besef dat Heilige Gees nou hier by my.
teenwoordig is. Selfs al sien ek Hom nie, glo ek dat Hy in my en by my is.

Dink so bietjie: van watter kos hou jy glad nie?



1. Draai na Heilige Gees in gebed en stel jou hart oop om deur Hom gelei te word terwyl jy Bybelstudie doen.

2. Soek **Markus 7:14-23** op en lees dit rustig deur. Dalk kan jy vir jou sussie of boetie die kort storie lees? Lees stadig deur die verse, moenie jaag nie. Wanneer jy te vinnig lees (of net deur die woorde jaag), kan jy van die dieper geheime wat Heilige Gees in jou hart wil fluister mis. Lees daarom rustig deur elke vers en dink daaroor. Op hierdie manier gee jy kans dat die woorde jou hart en gedagtes aanraak.

3. Skryf 'n paar kernwoorde vanuit die teks neer, wat jy dink, die belangrikste is.

4. Wat beteken die woord "**onrein**"? Gee 'n paar sinonieme daarvan.

5. Noem 'n paar dinge neer wat Jesus sê ons onrein maak. Skryf sinonieme.

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| | | |

6. Skryf die waarheid van die eerste deel van **vers 21** neer.

7. Sien jy die roete of pad van ons verkeerde optredes?

| | |
|---|---|
| 1. Dit begin deur 'n slegte gedagte te bedink (**gedagtes***). | Bv. **Ek sien** 'n maat het 'n populêre nuwe speelding gekry wat ek ook graag sou wou hê... |
| 2. Hierna gaan lê die idee in my **hart**. | Bv. **Ek dink** nou gereeld oor hoe onregverdig die lewe is dat hy/sy dit kan kry en ek nie. Dit maak my effens kwaad vir en jaloers op my maat. |
| 3. Wat tot gevolg het dat ek verkeerd **optree.** | Bv. Die volgende keer wat ek my maat sien, **bespot** ek haar of **verkleineer** ek hom sommer. Ek vertel ook 'n paar lekker vet, wit **leuens** oor hom/haar by ander. |

***Dus begin die volgorde van ons verkeerde optrede by dit wat ons sien en oor dink.**

8. Lees weer **vers 14-15.** Hier praat Jesus met 'n groot groep (menigte) mense. Hy gaan dan weg van hulle af, huistoe en praat daar met sy dissipels verder oor hierdie tema **(vers 17)**. Hier verduidelik Hy vir Sy volgelinge presies wat Hy prakties bedoel, wat mense regtig onrein (vuil) maak voor Sy Vader.

Binne hierdie optrede van Jesus kan ons 'n groot geheim raaksien!



Die woorde van die Bybel kan vir baie mense net woorde wees wat hulle hoor en dan weer vergeet. Volgelinge van Jesus is dié wat saam **met Hom bly en Hom soek** vir die betekenis, wanneer hulle nie regtig als verstaan nie. Dit beteken dat wanneer jy besluit om 'n dissipel van Jesus te wees, Hy Sy hart en gedagtes met jou **wil** deel. Heilige Gees sal vir jou alles in die Woord verduidelik, sodat jy Sy bedoeling mooi sal vestaan.

9. Wat het jy nuut geleer vanuit die verse wat jy gelees het?

10. Sluit af deur vir Heilige Gees te vra om jou te help om **jou gedagtes te fokus** op mooi dinge. ➡ Lees **Filippense 4:8.**

**DAG 10:** # Die Siro-Fenisiese vrou

Deur gereeld deur die dag aan God te dink, kan jy 'n spesiale verhouding met Hom ontwikkel. Jy kan elke nou en dan met Heilige Gees binne in jou hart gesels.
Hy is jou beste vriend, wat IN jou bly!
Sit gemaklik en maak jou oë vir 'n rukkie toe. Sit in stilte en waardeer Sy nabyheid.

Was jy al baie siek of het jy al baie sleg gevoel? Vertel.

1. Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy stilword om tyd met die Woord te spandeer.

2. Lees **Markus 7:24-30** aandagtig deur. Leef jou lekker in die storie in. Verbeel jou jy staan êrens naby Jesus in die verhaal en sien alles afspeel.

3. Dink jy die vrou het ernstig Jesus se hulp nodig gehad vir haar dogtertjie? Watter van haar optrede voor Jesus, beskryf haar dringendheid? (**vers 25**)

4. Skryf nou 'n paar woorde neer vanuit die skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.

**'n Stukkie Bybelse geskiedenis en verduideliking**

**Jesus was 'n Joodse man. Die vrou nie. In die Bybelse dae het hierdie verskillende kultuurgroepe nie oor die weg gekom nie. In die storie word daar metafore gebruik om 'n dieper betekenis in die verhaal uit te wys. "Kindertjies" is 'n metafoor vir die kinders van Israel. Die "brood" verwys na genesing/ uitdryf van demone. "Hondjies" verwys na onrein/sondige leefwyse/heidinne.**

Buiten vir die feit dat hierdie vrou geweet het dat Jesus net na die Jode gekom het om genesing en verlossing aan hulle te bring, het sy haar dogtertjie se behoefte na Jesus gebring vir hulp. Jesus het haar geloof in Hom raakgesien en haar dogtertjie volkome genees.

5. Teken 'n prentjie oor enige gedeelte van die verse wat jy vandag bestudeer het. Jy kan byskrifte bysit.





| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **Jakobus** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

6. Wat dink jy wil God jou deur hierdie storie leer?

______________________________________________


______________________________________________

7. Sluit vandag se Bybelstudie tyd af deur vir God dankie te sê vir Jesus. **Jesus is die mooiste en perfekte voorbeeld van 'n dissipel en volgeling van God die Vader.** Jesus het mense gehelp wanneer hulle siek of in nood was. Sal jy ook vandag ander mense help as hulle jou hulp nodig het? Lees **Joh 13:15.** Onthou – so kan jy 'Jesus wees' vir ander mense op hulle pad vandag.

DAG 11: # Jesus genees 'n doofstom man

❑ Ek sit gemaklik in 'n stil plekkie.
❑ Ek kies om nou my tyd aan Jesus af te staan om my verhouding met Hom te groei.

Noem 'n paar eienskappe van 'n "goeie mens" in jou oë?



1. Stel jou hart oop vir Heilige Gees in 'n kort gebed deur vir Hom te vra om vir jou die Woord te verduidelik soos jy lees.

2. Leeswerk: **Markus 7:31-37**. Lees die sewe verse stadig maar aandagtig deur. Verbeel jou jy het 'n maat wat heeltemal doof is en ook sukkel om te praat. Jy kry hierdie maat so jammer en wil hom/haar met jou hele hart help om gesond te wees soos jy, wat dalk alles kan hoor en lekker kan gesels en sing. Nou hoor jy dat Jesus na jou dorp toe kom. Jy't gehoor dat Hy al baie mense gesond gemaak het van verskillende siektes. Jy besluit om jou maat te gaan haal by sy/haar huis en na Jesus toe vat vir genesing...

3. Skryf 'n paar woorde neer wat jou oog gevang het soos jy gelees het.



4. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou uitstaan of met jou hart praat.

5. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie?

6. Lees weer **vers 33**. Partykeer het Jesus iemand genees reg voor 'n groot groep mense. Hierdie keer het Jesus die man weg van die groot groep mense gevat en eenkant genees. Ander kere het Jesus mense oor 'n afstand genees (sien vorige les). Jy kan God vra om jou (of iemand) te genees, maar ***die manier*** waarop Hy dit gaan doen, hang van Hom alleen af.

**Psalm 18:31** leer ons dat wát God doen, volmaak is.

Selfs die vreemde manier waarop Jesus hierdie man genees het, was volmaak, want hy het heeltemal gesond geword! Wanneer jy dus God se hulp vra, moet jy *glo* dat Hy jou kan help en dan die manier waarop die genesing gaan plaasvind, in Sy Hande oorlaat.

7. Wat dink jy is die kernboodskap wat Jesus uit hierdie storie vir jou wil leer?


______________________________________________

______________________________________________

8. Jesus het Sy **Vader se hart van liefde** aan ons kom demonstreer op aarde. Die mense het dit raakgesien. Oral waar hulle agter Jesus aangeloop het, was hulle verwonderd en verstom ("geweldig aangegryp"), want hulle het gesê, (**vers 37**) "alles wat Hy doen is _______________".

9. Skryf en verklaar **1 Timoteus 4:4** se eerste sin op die lyn hier onder in mooi, helder letters. Versier jou skrif sodat jy dit diep in jou hart kan vasmaak en onthou. Dalk wil jy dit op 'n stukkie papier skryf en vir iemand gee, sodat hulle ook die waarheid daarvan kan bedink.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **1 Timoteus** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |



10. Loof God in 'n kort gebed, deur vir Hom te vertel hoekom jy dink Hy ook goed is vir jou.

# DAG 12: Jesus vermeerder brood (2)

Wat sal jy dink as jy by 'n maat gaan kuier en hy/sy vertel elke keer vir jou presies dieselfde storie as laas toe julle saam was? Amper soos 'n rympie wat jou maat vir jou opsê, in plaas daarvan om lekker met jou te gesels, nuus te deel en vrae vra oor jou doen en late. Hoe sal julle kuiertyd verloop? Nogal vreemd nê! Dink hieroor: Heilige Gees is jou Helper deur Jesus aan jou gegee. Wanneer jy elke keer dieselfde "rympie" vir Hom opsê, hoe dink jy sal Hy voel? Deur 'n paar keer gedurende 'n dag in jou hart spontaan met Heilige Gees te gesels, kan tot gevolg hê dat jy Sy stem maklik sal herken en so 'n kosbare verhouding met Hom bou.

Was jy al by 'n groot byeenkoms waar duisende mense teenwoordig was? Watter byeenkoms was dit?



1. Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy deur die storie lees.

2. Lees stadig en aandagtig **Markus 8:1-10** hardop vir iemand in die huis of vir jouself. Om hardop die Bybel te lees, help jou gedagtes om beter aandag te gee aan die inhoud. Dit gebeur wanneer jy die woorde sien, self lees en terselfdertyd ook hoor.

3. Hoeveel mense was omtrent hier teenwoordig?

4. Skryf woorde vanuit die teksgedeelte wat vir jou uitstaan of jou oog vang.



5. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou uitstaan of interessant is.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

6. Dink bietjie oor die verhaal: waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra oor iets wat jy nie verstaan nie? (al het jy nie 'n antwoord nie!)

______________________________________________________________

7. Watter karaktereienskap van Jesus sien jy raak in Jesus se woorde in **vers 2 en 3**? ________________________________________________

8. Lees weer **vers 8**. Jesus het sewe brode en 'n paar vissies wonderbaarlik vermeerder, om vir 4 000 mans (en nog vrouens en kinders ook) kos te voorsien. Hierdie vers sê vir ons dat die mense "**genoeg**" geëet het.

Dink bietjie hieroor: kan jy onthou van 'n keer wat jy so honger soos 'n leeu was en toe jy uiteindelik wegval om te eet, jy aangehou het om te eet totdat jou maag stampvol was? Dis mos 'n lekker en tevrede gevoel om versadig te wees!

Jesus het volledig in al hierdie mense se behoeftes voorsien. Hulle het vir drie dae by Hom gebly, omdat Hy hulle geleer, genees en toe ook gevoed het.

9. Soek **Filippense 4:19** en skryf die waarheid van hoe God in Sy getrouheid teenoor Sy kinders optree. Maak die vers op jouself van toepassing.



"My God sal in elke behoefte van my ______________________

__________________________________________________".

10. Hoe laat die wete van Vader God se belofte, dat Hy in elkeen van jou behoeftes (dit wat jy *nodig* het) SAL voorsien, jou anders dink oor jou lewe? (Hoe laat dit jou voel om te weet God SAL altyd vir jou sorg?)

______________________________________________________________

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **Joël** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

11. REFLEKSIE TYD Blaai deur jou joernaal vanaf Dag 1 tot 10. Kyk na wat jy geskryf het en probeer onthou wat die kernboodskap was wat Heilige Gees vir jou uitgelig het toe jy die teksverse bestudeer het. Dis somtyds goed om dit wat jy geleer het, weer te gaan besoek. Dit help ook met die opbou en vaslegging van jou langtermyn geheue.



DAG 13: **Jesus en die Fariseërs**

Hou jy van varsgebakte brood? Wat dink jy laat die brood so lekker hoog rys? Het jy baie hiervan nodig in vergelyking met die hoeveelheid meel, om 'n brood te bak?



1. Vra vir Heilige Gees om jou te lei soos wat jy deur **Markus 8:11-21** lees. As jy 'n selfoon het, kan jy dit opneem en weer terugspeel vir jouself om na te luister.

2. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou uitstaan of interessant is.

3. Die Fariseërs was godsdienstige leiers van daardie tyd. Hulle het hulleself as "afgesonderes" of "baie spesiaal" gesien. Hulle het ook 'n klomp reëls gemaak wat God se kinders moes nakom, sodat hulle as "gelowig" gesien kon word. Hulle het die wet van God (Ou Testament) baie goed bestudeer. Maar net omdat hulle so geleerd was, was nie te sê dat hulle harte rein voor God was nie. Om elke hoek en draai het hulle vir Jesus dopgehou en kon hulle nie verstaan hoekom Jesus soveel wonderwerke kon doen nie. Hulle was jaloers op Jesus.



4. Wat het die Fariseërs vir Jesus gevra? (**vers 11**)

5. Die **Koninkryk van God** verskil van die **koninkryk van die wêreld**. In die wêreld kan ons maklik agter ander mense aan sê: "*seeing is believing*" of "*sien is glo*". Dis hoekom die Fariseërs vir Jesus 'n wonderwerk/teken gevra het wat hulle kon <u>sien</u>, sodat hulle daarna in Hom kan glo. Jesus was moedeloos oor hulle vraag en ongeloof (**vers 12**).

Hoekom dink jy het Jesus diep gesug toe Hy hulle antwoord?

6. Soek en lees **Hebreërs 11:6**. Hoe wil God hê moet jy na Hom gaan as jy iets vir Hom vra?

______________________________________________

7. Is daar enige iets waaroor jy wonder in die teksgedeelte nie?

______________________________________________

8.Jesus het **metafore** gebruik in van Sy woorde, om diepere betekenisse weg te steek in dit wat Hy die mense wou leer. **Suurdeeg** is so 'n woord. Dis 'n metafoor wat verwys na die **valsheid, voorgee-geloof** of **misleidende manier van optree** deur die Fariseërs voor ander mense. Jesus het sy dissipels gewaarsku om nie soos die wêreld te wees nie. Hy vra dat Sy kinders **in geloof na Hom toe gaan**. Dus waarsku Jesus Sy dissipels teen die Fariseërs se ongelowige invloed.



As jy in die teenwoordigheid van mense met slegte gewoontes is, kan dit jou ook later beïnvloed. Kan jy aan 'n keer dink waar kinders dalk 'n slegte invloed op jou gehad het en jy amper daardie verkeerde gewoontes of maniere aangeleer het omdat jy saam met hulle tyd spandeer? Dit kan so eenvoudig wees soos vuil woorde wat hulle gebruik of 'n geskinder onder maats. Voor jy sien, vloek jy saam en dra jy ook stories aan oor ander mense. Jesus waarsku ons om versigtig te wees saam met wie ons tyd spandeer, omdat ons mekaar se gewoontes kan aanleer.

9. Teken enige iets uit die verse wat jou hart aanraak en jy wil onthou.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **2 Johannes** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |



10. Skryf 'n kort gebed vir God nadat jy vandag se verse deurdink het.

______________________________________________

______________________________________________

# DAG 14: Jesus genees 'n blinde man

Wanneer jy tyd in God se Woord spandeer, KIES jy om te stop met alles anders waarmee jy besig is. Sit gemaklik en verbeel jou jy stap saam met 'n groep mense in die dorp om Jesus te soek. Julle kry Hom en gesels bietjie. Nou vat Jesus jou een maat aan die hand en loop uit die dorp. Jy stap agterna ...



Waarvoor is jy vandag dankbaar?

1. Heilige Gees kan ons help in tye as ons self nie iets verstaan of weet nie. Vra Hom vir leiding terwyl jy met die Bybelstukkie besig gaan wees. Wanneer jy jou hart vir Hom oopmaak, kan Hy Sy lig van Waarheid en Wysheid in jou hart skyn, sodat jy Sy Woord beter kan verstaan – Hy doen 'n wonderwerk in jou hart soos jy lees!

2. Lees **Markus 8:22-30** lekker rustig en hardop deur. Leef jou lekker in die twee verhale in.

3. Skryf 'n paar woorde neer wat vir jou uitstaan en sinonieme daarby wat die betekenis van die woorde vir jou kan verduidelik.

4. Beskryf die wonderwerk wat Jesus gedoen het in jou eie woorde.

5. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie?



6. Wat sal jy dink as iemand op jou oë spoeg en dan sy hande daarop sit vir genesing? Dis bietjie vreemde optrede, né?

Lees **Jesaja 55:8-9**. Wat sê dit vir jou van hoe God optree en dink?

_______________________________________________

7. Sê nou Jesus vra die vraag in **vers 27** aan jou, wat sal jy Hom antwoord?


_______________________________________________

8. Is daar enige iets nuuts wat jy vandag geleer het uit die verse wat jy nie voorheen geweet het nie?

_______________________________________________

_______________________________________________

9. **Krabbel** ('doodle') **'n waarheid oor Jesus** wat jy vandag opnuut weer besef het vanuit die verse wat jy gelees het. Jy kan die woorde mooi versier of in verskillende kleure skryf sodat jy die waarheid daarvan vir jouself lewend maak om dit beter te kan onthou.



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **Maleagi** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

10. Skryf 'n kort gebed vir Jesus om vir Hom te vertel hoe die Skrif met jou hart praat. Vra Hom ook om jou **vrymoedigheid** (dapperheid) te gee, dat jy voor ander sal erken dat Hy alleen die Seun van God is.

_______________________________________________

_______________________________________________

# DAG 15: Jesus maak aankondigings

Deur gereeld deur die dag aan God te dink, kan jy 'n kosbare verhouding met Hom ontwikkel. Elke nou en dan kan jy met Heilige Gees gesels. Hy is jou beste Vriend, wat in jou hart bly! Onthou dit dag en nag.

Was jy al ooit weggestoot deur maats? Dalk het iemand al van jou vergeet toe hulle jou moes oplaai of vergeet om jou uit te nooi na hulle verjaarsdagpartytjie... hoe het dit jou laat voel?



1. Draai na Heilige Gees en vra Hom om jou te lei en leer soos wat jy met die Woord besig gaan raak.

2. Lees die ses verse van **Markus 8:31- 9:1** stadig en nadenkend deur. Dink aan die woorde van elkeen van die verse soos jy lees.

3. Skryf 'n vers of twee neer wat vir jou uitstaan.

4. Skryf die vier werkwoorde neer wat Jesus vir Sy dissipels geleer het, wat met Hom gaan gebeur. (**vers 31**)

5. Wonder jy oor iets nadat jy die verse gelees het? Skryf dit neer waaroor jy wonder.

6. Hou jy daarvan as iemand met jou "in raaisels" gesels? Wanneer jy nie mooi seker is wat hy of sy nou regtig bedoel nie? Of partykeer kan iemand vir jou iets vertel, net dat jy later uitvind dit was 'n vet grap of glad nie eens die waarheid nie. Dis gewoonlik vir jou 'n teleurstelling en dan wonder jy of jy die volgende keer die person ernstig moet opneem of sy woorde sal kan glo.


Kyk na **die manier waarop Jesus** met sy dissipels **gesels het** in **vers 32**. Skryf dit neer.

---

7. Kyk na **Numeri 23:19** en voltooi die tabel in jou eie woorde.

| HOE GOD NIE IS NIE | WIE GOD IS |
|---|---|
| | God is die enigste, lewende God. Daar is niemand soos Hy nie. |
| | God praat altyd die waarheid. |
| | God het vaste gedagtes. |
| | God doen ALTYD wat Hy sê. |
| | God voer Sy beloftes getrou uit. |

8. Watter 3 dinge moet iemand wat Jesus wil volg, doen? (**vers 34**)




| **Ek moet myself/my:** | **Wat dit beteken:** |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |
| 3. Jesus ___________ | |

9. Verduidelik **vers 38** in jou eie woorde (die optrede en effek daarvan).

---

---



<table>
<tr><td rowspan="2">Bybelboek ontdekking</td><td>Maleagi</td><td>Ou Testament</td><td></td></tr>
<tr><td>Begin op bl.______ in jou Bybel</td><td>Nuwe Testament</td><td></td></tr>
</table>

10. Skryf kortliks neer dit waarvan jy vandag opnuut bewus geword het.

---

# DAG 16: Jesus word verheerlik

Wat sal jy daarvan dink as jou beste maat by jou kom oorslaap vir 'n lekker kuier, maar die hele tyd wat julle twee bymekaar is, sê jy niks vir hom/haar nie? Hoe sal julle kuiertyd verloop? Nogal vreemd, nê! Dink hieroor: Heilige Gees is jou Helper deur Jesus aan jou gegee en bly binne-in jou. Wanneer jy Hom bloot ignoreer en niks met Hom gesels nie, dink jy jou verhouding met Hom sal groei? Deur 'n paar keer gedurende 'n dag in jou hart met Heilige Gees te gesels, kan help dat jy meer gereeld Sy stem sal herken en so sal 'n kosbare verhouding met Hom ontstaan.

Sal jy sê jy hoor God se stem?

Hoe ervaar/erken jy dit?



1. Draai na Heilige Gees en vra Hom om jou nou te lei terwyl jy die verse lees. Vra Hom om jou iets nuuts te leer, wat jy voorheen nie geweet het nie.

2. Soek **Markus 9:2-8** op in jou Bybel en lees dit aandagtig deur.

3. Skryf 'n paar woorde neer wat jou oog vang of jou hart aanraak.

4. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou uitstaan.



5. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie?

______________________________________________

______________________________________________

6. Tik die blokkies af wat **waar** is vanuit die teksgedeelte. Trek 'n streep deur die verkeerde inligting en skryf die waarheid bo die woord in 'n ander kleur.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Jesus het met Moses en Elia bo-op die berg gesels. | | Jakobus het vir Jesus gesê om ses hutte bo-op die berg te bou. |
| | Jesus het niemand saam met Hom op die berg geneem nie. | | 'n Wolk het sy strale oor hulle laat val bo-op die berg. |
| | Jesus se klere het vaal geword. | | Jesus se voorkoms het verander bo-op die berg. |
| | Elia en Aaron het aan Jesus verskyn. | | 'n Stem het uit die wolk gekom. |

7. Teken enige deel van die gebeurtenis met byskrifte.



Wanneer jy saam met 'n hele klomp kinders in 'n bondel staan en jou pa (of ma) kom nader en vra: "Waar is ____________ (skryf jou naam)? Hy/Sy is my kind en ek kom hom/haar nou haal om huistoe te gaan." Jy voel dan gewoonlik sommer bly en trots om te weet dis jou pa of ma! Jou ouers is ook nie skaam om jou hulle eie seun/dogter te noem voor almal nie, want hulle is lief vir jou. Dieselfde het gebeur in **vers 7.**

God het vanuit die wolk sy stem hoorbaar gemaak en vertel dat **Jesus Sy Seun is, waarvoor Hy baie lief is.** Hy het ook vir die mense gesê om na Hom te luister.

8. Hoe dink jy het Jesus gevoel toe Hy Sy Pa se woorde hoor?

______________________________________________

9. Sluit af deur vir God dankie te sê dat jy, saam met Jesus, Sy kind mag wees. Vader God het jou **aangeneem** as Sy eie kind, besef jy dit?

Dit maak dat Jesus jou 'ouer boetie' is en dat alles wat Vader vir Jesus gee, Hy ook met jou deel. Jou Pa is die Koning van die Heelal en jy Sy kind!

# DAG 17: Jesus se dood is naby



Onthou: jy kan enige dag besluit om vir 'n dag jou Bybel Joernaal net te stop en een van die Bybelstories wat jy reeds gelees het, te verf of deur middel van kuns uit te beeld. Sit vir jou mooi agtergrondmusiek aan en leef jou in die verhaal in terwyl jy die mooiste kunswerk daarvan skep. Bou dit met klei of jou Lego blokkies!
Wanneer jy God se woord bedink en terselfdertyd met jou hande skep, kan dit 'n kosbare ervaring vir jou wees en die vaslegging van God se Woord vind diep in jou hart plaas. God wil hê dat ons Hom en Sy Woord geniet. Wees kreatief en vry in jou skepping. Gebruik verskillende koki's, penne, olie pastelle en tipes verf. Skryf 'n vers vanuit die storie neer op jou kunswerk en gee dit vir iemand of plak dit in jou kamer op waar jy dit kan sien en die waarheid daarvan jou hart kan verander.

Hou jy van verrassings of wil jy eerder weet wat gaan gebeur?

1. Vra vir Heilige Gees om jou te lei terwyl jy stilword om tyd met die Woord te deur te bring. Maak jou hart vir Hom oop, sodat Hy sy lig van Waarheid in jou hart kan skyn, sodat jy Sy woorde mooi kan verstaan.



2. Lees **Markus 9:9-13** hardop vir iemand in die huis.

3. Skryf nou 'n paar woorde neer vanuit die skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.


4. Is daar iets waaroor jy wonder of 'n vraag het wat jy nie heeltemal verstaan in die teksgedeelte nie? (al het jy nie 'n antwoord nie).

5. Jesus het presies geweet wat vir Hom voorlê. Omdat ons ook die storie en verloop van Jesus se lewe ken, weet ons dat Jesus later gekruisig gaan word. Onthou dat Sy dissipels dit nog nie geweet het nie en daarom kon hulle nie verstaan wat Jesus vir hulle vertel in **vers 10 tot 13** nie.

Ons weet nie presies wat vooruit in ons lewens gaan gebeur nie – want God verkies dat ons Hom vra vir leiding en raad en dan op Hom vertrou. Hy sal voorsien en vir ons sal sorg. Ons dien 'n baie **goeie God** en Hy wil net die beste vir ons hê. Selfs al gebeur daar onbeplande of slegte goed in ons lewens, gebruik Hy dit in Sy Liefde om tot ons voordeel uit te draai.

6. Lees **Romeine 8:28** en verklaar dit op die lyn. Maak dit op jouself van toepassing. Voltooi die volgende sin:

God laat alles vir my ________________________________omdat Hy ______________________ en ek volgens sy ______________________ is.



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **Maleagi** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

7. Sluit af deur vir God dankie te sê dat jy Sy Woord kan hê as rigtingwyser en handboek vol wysheid vir jou lewe.

## DAG 18: *Jesus maak 'n seun gesond*

Gaan na 'n stil plekkie buite die huis, dalk in die tuin iewers.
Sit gemaklik en maak jou oë vir 'n rukkie toe.
Haal lekker diep asem en stel jou voor dat jy een van Jesus se dissipels is wat saam met Hom rondstap. Mense stroom na Jesus en ander hardloop na Hom toe...

Glo jy dat dit wat jy in gebed vir God vra, sal gebeur?
Hoekom of hoekom nie?



1. Daai na Heilige Gees in jou hart en vra Hom om Sy lig van Waarheid in jou hart te laat skyn soos wat jy nou uit jou Bybel gaan lees.

2. Lees **Markus 9:14-29** aandagtig en stadig deur. Dink oor elke vers soos jy dit lees. Leef jou lekker in die verhaal in.

3. Skryf 'n sin of twee oor op die lyntjies wat met jou hart praat.

4. Teken enige deel van die verhaal hieronder met byskrifte.



5. **Mense rondom Jesus**: Dink bietjie daaraan dat daar verskillende groepe mense om Jesus was. Daar was somtyds vier verskillende groepe mense:

- Sy **dissipels**, wat gekies het om naby aan Jesus te bly, van Hom te leer en te kyk en leer hoe Hy optree en lewe.
- Dan was daar menigte mense wat bestaan het uit **nuuskieriges** – hulle wou sien wat Jesus aanvang en deur Hom "vermaak" word.
- Party van die mense het nader aan Jesus gekom as gevolg van hulle **behoeftes** – soos die pa wat sy seun gebring het vir genesing.
- Maar daar was ook die groep wat op Jesus kom spioneer het – soos die **skrifgeleerdes** wat altyd duisende vrae en redenasies ten opsigte van Jesus se Woorde gehad het. Hulle wou nie Jesus se Woorde glo met 'n oop hart en Sy liefde en raad aanvaar nie.

Van watter groep wil jy deel wees? Trek 'n kring daarom en skryf nog redes daarby hoekom jy Jesus sou volg.

6. Is daar iets vanuit vandag se teksgedeelte waaroor jy wonder?

______________________________________________

______________________________________________

7. Wat dink jy, is die hoofdoel, hoekom hierdie verhaal in die Bybel is? Wat is die belangrikste wat jy voel jy daaruit leer?

______________________________________________

8. In **vers 23** verklaar Jesus 'n waarheid. Skryf dit in die blok in groot letters en versier dit as jy wil. Skryf dit dalk ook op 'n stukkie karton en gee dit aan iemand (met die versnommer daarby). Deur God se Woord met ander te deel, maak jou 'n getuie van Hom. En wie weet, dalk gee jy die antwoord op die vraag in hulle hart aan hulle!

Markus 9:23

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **Matteus** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

13. Sluit af deur vir God te vra om jou lief te maak daarvoor om te bid. Deur jou hart gedurig met Hom te deel, versterk jou verhouding met Hom.

DAG 19: # Wie is die belangrikste?

Wanneer jy lief is vir jou ouma of iemand spesiaal, WIL jy tyd saam met daardie person deurbring. Dalk hou jy daarvan om saam met jou oupa vis te vang of jou ouma lees vir jou lekker stories! Ons kan op verskillende maniere tyd saam met die mense waarvoor ons lief is deurbring en op hierdie wyse hulle beter leer ken. Dit is dieselfde met jou verhouding met God. Wanneer jy in jou hart voel dat jy eerder op 'n dag 'n ent wil gaan stap en terwyl jy stap, sommer net 'n loflied vir God wil sing, kan jy dit beslis doen! Dalk wil jy net op 'n kombers op die gras lê en na die wolke kyk en met Heilige Gees in jou hart gesels. God is baie kreatief - Hy het jou dan geskape! Wees kreatief om Hom ook deel van jou dag te maak in alles wat jy doen!



Waaroor stry jy en jou boetie/sussie/beste maat gewoonlik?


1.Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy met die Bybelstukkie besig gaan wees.

2. Lees **Markus 9:30-37** aandagtig deur. Dit help om hardop te lees, dan is jou konsentrasie beter, omdat jy die woorde wat jy lees hoor en sien.

3. Skryf nou 'n paar ander woorde neer vanuit die skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.

4. Is daar enige iets waaroor jy **wonder** of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die teksgedeelte nie?


5. Is daar enige iets nuuts wat jy vandag geleer het uit die verse wat jy nie voorheen geweet het nie?



6. Dit is mos lekker om te weet jy is nogal belangrik. Dink aan wanneer dit jou verjaarsdagpartytjie is. Dan is JY die belangrikste persoon by die partytjie. Jy kan voorstel wat die maats moet speel. Jy kan ook aankondig wanneer hulle partytjiekoek kan eet of besluit wanneer dit tyd is om jou presente oop te maak. Wie dink jy is die belangrikste persoon in die wêreld op die oomblik? Hoekom dink jy so?

7. Jesus se dissipels het ook oor hierdie vraag gewonder. Wel, hulle het eintlik bietjie gestry daaroor! Maar Jesus het dit geweet en vir hulle die regte antwoord, uit God se hart vertel. Lees **verse 34 en 35** weer en skryf wie Jesus sê die **belangrikste persoon** in **God se Koningkryk** is.

8. Watse werk doen 'n slaaf? Hy werk vir iemand en gehoorsaam sy werkgewer getrou. Hy praat nie tee en kerm as hy 'n opdrag kry nie. Hy vra nie 'hoekom' as hy gestuur word nie. Hy wil sy werkgewer tevrede stel, omdat hy hom respekteer en 'n goeie aarbeider wil wees is. Lees **Filippense 2:5-8**.



Jesus wil sy dissipels leer om met 'n slaaf-hart God te dien: gehoorsaam, getrou, met ons hele hart, omdat ons van Hom alleen afhanklik is en Hy vir ons oneindig lief is.

Jesus is die **Koning van die Heelal se Seun**, en Hy het nie omgegee om Sy dissipels se stowwerige voete te was en mense wat in nood was, te help nie. Dus het Hy homself nie as belangrik gesien/beskou nie – Hy het die mense om Hom in nederigheid gedien en liefgehad. God vra van ons om dieselfde gesindheid en hart van diensbare liefde as Jesus te hê.

9. Skryf in jou eie woorde wat jy dink Heilige Gees jou uit vandag se teks wil leer of uitwys. Hoe gaan jy jou leefwyse prakties verander om hierby aan te pas ?

# DAG 20: Jesus leer die mense waarhede

Deur die Woorde van Jesus te deurdink vorm jy die gedagtes van Jesus in jou. Leer om deur die dag, in jou hart terug te draai na dit wat jy tydens die les behandel het. Dalk wil jy later deur die dag weer deur jou les blaai, net om weer te kyk na dit wat jou hart aangeraak het. Jy kan ook Heilige Gees vertrou om jou te herinner wat jy geleer het, sodat jy dit deel van jou hart en gedagtes kan maak en dalk met iemand wat dit nodig het, kan deel. Op hierdie manier word jy 'n getuie van Hom!

Weet jy wat beteken die idioom: 'om 'n meulsteen om iemand se nek te wees'? (kyk gou op internet as jy onseker is)



1. Lees **Markus 9:38-49**. Binne hierdie verse, gaan jy 'n hele klomp beginsels raaklees wat Jesus vir sy dissipels geleer het om volgens te lewe. Vra vir Heilige Gees om dit vir jou te verduidelik, sodat jy dit deel van jou lewe kan maak.



2. Skryf 'n paar woorde neer wat vir jou uitstaan

3. Wat dink jy bedoel Jesus met **vers 41**? Verduidelik dit in jou eie woorde in 'n voorbeeld.

_______________________________________________

4. Skryf 'n paar **beginsels** neer wat Jesus vir jou wil leer. Maak dit op jouself van toepassing waar jy kan.

**Vers 39** ___________________________________________

**Vers 40** ______________________________________________

**Vers 41** Jesus leer my dat as ek goeie dade doen, ek daarvoor beloon sal word.

**Vers 42** ______________________________________________

**Vers 42-47** Jesus leer my om doelbewus my lewe te beskerm teen sonde.


5. Lees weer **vers 49** hardop. Hou jy daarvan om toetse te skryf of geasseseer te word? _______ Tog is dit nodig om somtyds getoets te word sodat daar gesien kan word of jy jou werk verstaan en kan aanbeweeg na 'n hoër vlak van inigting. Om deur toetse in mens se lewe te gaan, sal nooit ophou nie. Dink aan die proses om skool (en na-skoolse opleiding) klaar te maak. Selfs net om jou bestuurderslisensie te kry, sodat jy lekker wettig eendag mag rondry! Dalk neem jy 'n skietkursus of dans jy grade en moet jy hiervoor ook eksamens aflê.

*So werk dit ook in jou geestelike lewe: God vat jou deur* ***allerhande toetse*** *of* verskillende beproewings, *om te kyk of dít wat jy in Sy Woord geleer het, jou verander het en of jy dit verstaan en deel van jou lewe gemaak het. Wanneer jy dan so 'n 'toets' deurkom, neem Hy jou na die volgende "vlak" van diepte in verhouding met Hom.*



6. Lees **Jakobus 1:2-4** om te sien hoe jy in beproewings (geestelike toetse) moet optree sodat jy geestelik kan groei.

7. Is jy lief vir braaivleis? ___________ Het jy al slappap of kos geëet sonder sout? ____________ Hoe het dit vir jou geproe? ___________________________
Het jy al by jou pa gestaan en gesien hoeveel braaisout hy oor die tjoppies gooi? Of as jou ma kos maak, hoeveel sout sy in die kos gooi? Dis gewoonlik net 'n sprinkel braaisout, of 'n lepeltjie sout wat in 'n groot pot sop kom – net 'n klein bietjie sout maak 'n groot verskil aan die kos se smaak.



*Lees weer* **vers 50**. *Hier beveel Jesus dat ons die sout moet wees wat 'smaak' gee aan omstandighede en mense rondom ons - omdat Hy in jou bly. Sy teenwoordigheid IN jou kan die wêreld 'n beter plek maak, oral waar jy gaan, net soos 'n klein bietjie sout in 'n pot sop!* 😊

8. Wat het jy nuut geleer vanuit die teks gedeelte van vandag?

______________________________________________

10. REFLEKSIE TYD Blaai deur jou joernaal vanaf Dag 11 tot 20. Kyk na wat jy geskryf het en probeer onthou wat die kernboodskap was wat Heilige Gees vir jou uitgelig het toe jy die teksverse bestudeer het. Dis somtyds goed om dit wat jy geleer het, weer te gaan besoek. Dit help met die opbou en vaslegging van jou langtermyn geheue.



Heuningsoet Woord

en Gees

Psalm 19:10&11

deur Carien Stander

carien@hencar.co.za

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God herken soos hulle deur die Woord lees. Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op 'n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek. Kontak my gerus per epos vir navrae oor Bybel Joernale vanuit ander Bybelboeke.